

Sondag 16 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 28

Fokusgedeelte: Matteus 28:19

Die doop wys hoedat sondaars weer kinders van hulle hemelse Vader word

Elke Sondag beleef ons die wonder dat God met ons deur sy Woord praat. Soms is daar egter nog meer om te bewonder, want God praat nie net met ons nie. Hy wys ons ook.

Hy doen dit deur die doop. Dit is 'n heilige, sigbare teken van die waarheid. Daarmee wys God hoe Hy sy handtekening, sy seël onderaan die verbond plaas. Só bevestig Hy dit vir elkeen persoonlik. Tydens die doop word 'n mens se naam persoonlik gekoppel met God Drie-enig se Naam – God se Naam en jǒú naam word in een formule genoem en saamgebind.

Die doop is nie iets wat deur mense uitgedink is nie. Dit is deur Jesus Christus self ingestel, en die opdrag daarvoor het uit sy eie mond gekom. Sy kind moet in God se Naam gedoop word. Dit sal getuig van 'n besondere verhouding tussen God en sy kind. En dit sal sy kinders onderskei van die wêreld waarin hulle lewe. Hulle is sondaars wat weer kinders geword het van 'n hemelse Vader.

Die doop in die Naam van die Vader wys hoedat die Vader sy kind opeis. Die Vader is 'n versorger en 'n bewaarder wat omgee. Hy eis sy kind op. Hy maak aanspraak op jou. Jy behoort aan Hom. Hy het 'n ooreenkoms met jou en Hy staan daarby.

Die doopformulier gaan verder deur die Naam van die Seun te noem. Jesus het aarde toe gekom om die mens weer kind van God te maak, maar Hy het ook gekom om te wys hoe dit lyk om waarlik kind, Seun van God te wees. Die doop leer die mens wat kindskap beteken en wat dit beteken om 'n erfgenaam te wees.

Ook die Naam van die Heilige Gees word deur Jesus in die doopsformulier genoem. Die Heilige Gees is die een wat in die doop wys hoe Hy jou in die hart gryp. So vertoon jy al meer die beeld van 'n ware kind van God. Deur sy Woord gryp Hy jou in die hart. En deur die doop open Hy jou oë en wys Hy jou hoe God jou gryp, jou opeis en ruk uit die kloue van die dood. Hy laat jou nuut kyk na dinge.

Daarom is jy gedoop in die Naam van die Drie-enige God.

Sing: Psalm 146-1:8

Ds. CB Swanepoel (Christo) (Lyttelton)